VOLKSTEM

R 10-00

www.afrikanervolksparty.org | Mondstuk van die Afrikaner Volksparty | Jaargang 9 | Uitgawe 4

PROPAGANDA:

DIE INVLOED WAT DIT HET OP MENINGSVORMING.

Deur Danie Varkevisser

Elke koerant, elke nuusberig, elke politieke uitspraak en feitlik elke beeldsending het huidig iets te sê oor Jakob Zuma, oor die rommelstatus en die dreigende ekonomiese verval. Is daar ‘n ewewig in alles wat ons hoor, of lê die gewig daarvan swaar aan eenkant?

Dit was C.M.van den Heever wat reeds in 1941 in keurige Afrikaans die rol wat propaganda in die mens se lewe speel kom belig het. Die mens se gebrek aan bewustheid van die “diepe, byna onnaspeurbare wortels van die propaganda”, maak ons ook onbewus van die invloed wat dit het op ons kultuur en karaktervorming, omdat ons elke dag daaraan blootgestel is.

Van den Heever stel dit só: “As ons in die oggend opstaan en gaan skeer, dan gebruik ons ‘n bepaalde soort skeermes en skeerseep wat ons onder die invloed van propaganda advertensie gekoop het.

Daarna eet ons by die ontbyt grofbrood in plaas van fynbrood, omdat op ons invloed uitgeoefen is om te glo dat dit gesonder is. Ons eet ‘n bepaalde soort botter en kaas en marmelade, en ons slaan ons koerant oop en met ons oë drink ons propaganda in sy fynste en mees beoefende vorm in. Ons lees dié koerant al jare lank en die houding wat daarin verteenwoordig word oor buitelandse aangeleenthede, oor nasionale dinge, oor moraal en godsdiens is dag vir dag druppelsgewyse vir ons ingegee, met die gevolg dat ons reageer presies soos die koerant dit wil hê.

Ons hele reageerlewe is beïnvloed en alhoewel ons, ons mag verbeel dat ons ‘n “eie mening” daarop nahou, is daar in die meeste gevalle geen sprake van nie, want ons het geen beheer oor die waarheid van die nuusbronne waaruit ons elke dag drink nie.

Wat ons elke dag assimileer, word later so deel van ons wese dat ons in gesprekke ewe ernstig en nadruklik dinge verkondig as ons eie bevindings, wat ons maar net uit die beïnvloedingswêreld van die koerant

In hierdie uitgawe.....
Landwye Optogte
Staatskaping - Wie word bevoordeel
Melanie "Verward" se plan
Flip Buys se "varkies" is nie tuis

oorgeneem het. Hoe kan ons nog ewe nadruklik praat van ‘n “eie smaak” as ons hele reaksie net die resultaat is van sorgvuldige propaganda?” Aldus C M van den Heever.

Klaarblyklik is eie oortuiging dus maar ‘n rariteit. Die AVP merk dit veral in die politiek op waar liberale propaganda, geskoei op die Humanisme, ‘n dodelike greep verkry het op die Afrikaner se ervaringsveld waaruit sy lewens-en-wêreldbeskouing gevorm en gevestig was. ‘n Lewensuitkyk geskool uit die Woord van God wat toegepas is op die ongeskrewe wetmatigheid van verskeidenheid en geskeidenheid, dermate ge-erodeer deur kerk en staat wat vir internasionale propaganda ontvanklik was. Die resultaat daarvan, in die praktyk van vandag ge-openbaar, is die liberale toepassing van diégene wat nou "politiekslim" uit "goeie" navorsing en studie hulle "eie" ontledings gemaak het van wat die beste beleid vir Suid Afrika sou wees! Na alles egter steeds volgens die gees van die tyd, deur fyn idilliese (gelees diaboliese) propaganda voorgeskryf en opgedis as noodsaaklik soos grofbrood bo fynbrood!

Die fout lê nie by Zuma of die ANC nie! Hulle presteer volgens hulle aard en vermoë! Die fout setel in die Afrikaners wat in die beïnvloeding van die propaganda, nie instaat was om te onderskei tussen reg en verkeerd nie.

Wat gelei is om vir hulle eie ondergang te kies toe hulle die bewese sukses van beginselbesluite, geneem uit die ervaringsveld van ons voorgeslagte se leiers, versaak het vir dit wat deur propaganda as ‘n beter opsie voorgehou is, ten spyte van bewys van die onvermydelike nadele daarvan!

Daar is géén heil vir die Afrikaner en sy vryheidstrewe in die vervanging van Zuma nie! Petisielyste in dier voege is ‘n mors van kosbare tyd! Daar is dusver géén voordeel verkry uit enige van die politieke “slimmes” se “beter” aksies van ontvlugting na volkstaatjies of in pogings om binne die bestel die Nuwe Suid Afrika te probeer aan die gang hou nie!

Daar word dan nou juis buite die bestel gepoog om Zuma uit die beheer te dwing! Die destydse HNP, voor 2008, en die AVP daarna se oproepe tot leidelike verset word as onhaalbaar afgemaak wat ‘n uiters negatiewe invloed het op ons volk se saamhorigheid en onderlinge ondersteuning.

Die volkstaatfopspeen was en is nou nog die grootste verdelende faktor in ons volk se welwese. Dit ondersteun onvermydelik ook die saamwerkers, saampraters, oorgeërs en verraaiers se openlike aanvaarding van die Kommuniste, Terroriste en swart meelopers se aanspraak op Suid Afrika. Behalwe dat hulle deur hulle optrede en uitsprake ook nog erkenning verleen aan die swartes se propaganda dat ons die land van hulle gesteel het, beklad hulle dienooreenkomstig die Blanke Afrikanervolk se wettige eienaarskap van Suid Afrika. Hierdie soort propaganda ondermyn, in teenstelling met die persepsie wat hulle skep dat hulle in belang van die Afrikanervolk optree, ons volk se legitieme besitreg op Suid Afrika.

Kyk mooi na dit wat besig is om in die DA te gebeur sodat nasionale nugterheid ons weer bymekaar kan bring in verset teen die onreg teen ons volk. Bygesê, dat die onreg tenregte op ons volk aangelê is omdat soos die ou Israelvolk, ons volk afvallig geword het en as ‘n volk die HERE dien met ons lippe maar nie met ons harte nie! Keer terug na jou God! Keer terug na jou land en keer terug na jouself!

Bid vir ‘n gees van onderskeiding in die propaganda wat op ons aangelê word, ook uit

en veral, eie geledere waar die dwaling reeds so diep gewortel is dat gewone gesprek huidig daar nie hond haaraf maak nie!

7 APRIL LANDWYE OPTOGTE BEPLAN

NOG 'N FUTIELE OEFENING OM DIE BEGINSEL VAN "MAJORITY RULE" TE PROBEER FNUIK.

Na twee-en-twintig jaar, is daar steeds mense wat deur propaganda meegesleur word om te glo dat Zuma, en daarmee saam die ANC onttroon kan word. Niemand kan hulle meer skade berokken as hulleself nie.

Daar is slegs een enkele rede waarom Zuma en die ANC aan bewind is en aan bewind bly selfs na die grofste mishandeling van landsbestuur denkbaar, en dit is die mag van die meerderheid wat die NP onder bestuur van de Klerk en sy regering in hulle hand geplaas het. Deur sy eie blanke volksgenote met uitoorlê taktiek soos 'n Judasbok in 'n lokval te lei, het die stukrag van die susters kerke met die aanvaarding van die "gelykheidsbeginsel" die referendum op bedenklike wyse in de Klerk se guns laat verloop.

Die mandaat waarop hy as gevolg daarvan aanspraak gemaak het was egter vals aangesien sy belofte van 'n tweede referendum om te besluit oor die aanvaarbaarheid van die onderhandelde grondwet, nooit plaasgevind het nie. 'n Referendum wat selfs die liberale Constand Viljoen in 1993 erken het, die blanke kiesers maklik met 60% sou gewen het!

Nou word die hele Suid Afrika gyselaar gehou omdat slegs die Zulus en enkele ander tevrede is met die landsbestuur en Zuma se onverantwoordelike bestuurstyl van eiebelang, nepotisme en verskansing van sy wanbestuur agter die meerdere getalle van die Zulus, wat bloot deur die opsteek van hande die land sonder remme teen 'n afdraande laat voortsnel tot anderkant die rommelhoop van Standard en Poor!

Daar is slegs een enkele rede waarom Zuma en die ANC aan bewind is en aan bewind bly selfs na die grofste mishandeling van landsbestuur denkbaar, en dit is die mag van die meerderheid wat die NP onder bestuur van de Klerk en sy regering in hulle hand geplaas het.

Wat 'n prestasie van "politieke kundigheid!" F.W. de Klerk en sy hele regering, ingesluit die papbroekige en korrupte Weermag Generaals wat kastig die grondwet moes beskerm, se nalatenskap soos wat dit in die geskiedenis opgeskryf sal word, sal hulle kleinkinders hulle hoofde in skaamte laat sak. Wanneer dit wat was onder die Godvresende bestuur van mense soos Genl. Herzog tot by dr. H.F.Verwoerd vergelyk word met wat ons nou het en nog gaan ervaar totdat ons weer beheer verkry het, so die Here wil, sal elkeen van ons nageslag laat wonder hoekom ons koppe ons gelos het!

Indien daar nie baie blankes aan die optogte deelgeneem het nie, sal dit beslis in die lig van uitlatings deur swartes gemaak, die verdraagsaamheid tussen blank en swart verder vertroebel aangesien hulle dit alreeds as 'n blanke afsydigheid teenoor swart inisiatiewe bestempel het.

Wat opgeteken kan word na vandag is dat Zuma en die ANC onder Zulu beheer hulle mag deur hulle meerdere getalsterkte laat geld het en ongeskonde uit die optog aanslag gekom het, tot beskaming van veral elke politiekverdwaalde blanke wat daaraan deel

gehad het sonder begrip van die betekenis van sy deelname. Géén ander swart leier van énige swart meerderheidsorganisasie sal énige voordeel of bydrae maak tot die vryheidsideaal van die Afrikaner nie. Dit kan maar in ‘n klip gekap word!

STAATKAPING..... EN DIE BEVOORDEELDES IS ....?

ZILLE EN DIE GUPTAS “STATE CAPTURE” het verskeie vertolkings. Dit kan onder andere ook beteken gevangeneming, roof, in beslag neem, ens. Dat elkeen van dié vertalings op Suid Afrika van toepassing is, reeds sedert 1994, is onteenseglik.

Om dit slegs aan die Gupta-sage te koppel is slegs ‘n halwe waarheid. Die geweld wat Suid Afrika en die Afrikanervolk daardeur aangedoen is, is elke dag meer en meer sigbaar en vir menige blankes voelbaar en selfs dodelik!

Guptas en Zille

Die bevoordeeldes oor die lang termyn is natuurlik die groot geldbelange wat gesetel is in Brittanje en die VSA. Oor die korttermyn is dit die swart ras se elite en enkele blanke soustreinryers wat hulle volk verkoop het vir ‘n pot lensiesop. ‘n Mens sou egter dink dat iemand soos Helen Zille en die DA wat al in 2009 uit die Gupta-beker gesluk het, versigtiger sou wees met die Kapingsaantygings om van Zuma ontslae te raak. 'n Kort geheue in die politiek kan lastig wees!

Dit was wyle mnr. Jaap Marais wat politiek as ‘n stelsel verdedig het deur sterk klem daarop te lê dat dit nie die politiek is wat sleg is nie, maar sommige van die mense wat die politiek bedryf. Die vraag wat ontstaan is wat van diegene wat willens en wetens so ‘n organisasie en/of party ondersteun? Die deler so goed as die steler, oftewel die (op)raper so goed as die kaper?

ZILLE SENT ATUL GUPTA THANK YOU NOTE FOR DONATION

Sapa 30 Jan 2013 12:30
Until now, Zille has refused to name the donor, citing confidentiality, and the New Age did not state whether Atul Gupta was the donor, even though the letter was addressed to him.

According to the newspaper, the donor said that at no stage was there a handing over of cheques to Zille at the Gupta residence. "In fact, quite the opposite occurred. There were various meeting[s] at the family home between Zille and members of the Gupta family."

"The first electronic funds transfer [EFT] was done by Sahara [a company owned by the Gupta family]. The rest of the EFTs were also made through Sahara."

He said he received four "frantic" calls from Zille on Monday asking for information about the donations.

"It was clear that she could not remember what had transpired in her engagements with the Gupta family," he was quoted as saying.

"From the beginning, there was no confusion. I was representing the Gupta group of companies. "Surely, she could not have been under the impression that I took her to the Gupta house for cake, tea and good food," he told the New Age, which is owned by a Gupta concern.

Favored guests Zille said on Tuesday that an executive in a company owned by the Guptas pledged R200 000 to the Democratic Alliance in 2009.

He later pledged another R100 000 in his personal capacity. She said the donor had

suggested she fetch the cheque at the Guptas' house in Saxonwold, Johannesburg.

"I and my colleague Ian Davidson duly went to the Guptas' home, ate some of the most delicious food I have ever eaten, and received the cheque for R200 000 from the individual," she said.

"It was a personal cheque, from his personal bank account. It did not come from a Gupta company, nor from the Guptas, but it was handed over at their home.

"Because we had been guests at the Gupta's home, our fundraising department included our standard letter of thanks to the Guptas, even though the donation had not come from them," Zille said.

She said she had phoned the donor after the initial media reports to ask him if she could name him, but he declined and said he did not want his name in the papers.

"He is not a Gupta. He is an executive in a company owned by the Guptas," she said. Arendse said the funding of the New Age newspaper and their links to the ANC would be discussed at the DA briefing on Wednesday.

DA leader Helen Zille will respond later on Wednesday to the New Age, her spokesperson said. – Sapa

Melanie "Verward"

(VERWOERD)

DIE ENIGSTE MANIER OM SUID-AFRIKA TE RED

Voordat u blootgestel word aan Melanie Verward, (oeps!) se "ongelooflike politieke insig" wat sy voorstel as die enigste redding vir die huidige Suid Afrika, waarmee die liberale huisvesting waarvan sy deel was, met ywer saam met die ANC die suksesvolle ou Suid Afrika ten alle koste wou vervang, net enkele opmerkings van die AVP in reaksie op haar aangebode oplossing.

Melanie Verwoerd

Haar stelling dat Suid Afrika gered moet word, beteken dat sy openlik erken dat Suid Afrika besig is om tot niet te gaan! Dat daar tweedens, volgens haar net een enigste metode is wat tot Suid Afrika se redding kan lei, dui op die kompleksiteit asook die dringendheid van die bedreiging wat Suid Afrika in puin kan lê.

Verder is die "briljante" gevolgtrekking van Melanie, dat die enigste oplossing is dat almal by die ANC moet aansluit.

Volgens Wikipedia en ander bronne op die internet is Melanie op 18 April 1967 in Pretoria gebore as Melanie van Niekerk. Omdat sy een of ander aversie vir haar biologiese vader ontwikkel het, het sy op jeugdige ouderdom haar van na Fourie laat verander. Ongetwyfeld 'n uiterste vorm van afkeer, wat ook aanduidend is van 'n bepaalde persoonlikheid.

Melanie se probleem, behalwe vir die negatiewe ervaring met haar vader, wat waarskynlik die fondasie gelê het vir haar aversie met die bestaande orde, was bepaald nie besweer deur haar blootstelling aan die liberale kleinseun van dr. H.F. Verwoerd by die Stellenbosch Universiteit nie. Wilhelm Verwoerd met wie sy later getroud is, se bydrae tot haar karaktervorming sou eerder haar liberale inklinasie verskerp en deur die antinasionale gees wat in Stellenbosch Universiteit geheers en daar geadem is, verder versterk het soos wat uit haar politieke siening duidelik blyk!

Hoe dit ookal sy, met genoeg intelligensie om op universiteit 'n graad te verwerf in teologie, filosofie, sielkunde en 'n meestersgraad in die onderwerp van die teologie van feminisme, is

dit moeilik om te begryp dat die sigbare feitlikheid van onversoenbaarheid van sekere kultuurverskille, verskillende vorme van regeer, bestuur en beheer verg, dit vir Melanie en liberaliste soos sy, ondeurgrondbaar is! Dit vat net nêrens in hulle denkpatrone grond nie!

Selfs nadat sy die erkenning maak dat Suid Afrika só verval het dat daar dringend redding nodig is, word Zuma die sondebok, Ramaphosa die aller uitkoms en aansluiting van een en almal by die ANC om dié aller uitkoms met stemming te bewerkstellig, die enigste oplossing! Die invloed van haar en Wilhelm Verwoerd se verblyf in Oxford Brittanje na hulle huwelik, was waarskynlik ook nie sonder gevolge nie. In teenstelling met sy Oupa dr. H.F. Verwoerd wat 'n Rhodesbeurs van die hand gewys het in sy studiejare, is Wilhelm Verwoerd in 1989 met 'n Rhodes studiebeurs na Engeland. Dit was tydens hierdie tydperk wat Melanie kontak en interaksie met Suid Afrikaanse uitgewekenes, veral ANC lede gehad het vanwaar die "strugle" teen apartheid gevoer is.

Wilhelm Verwoerd

Met Wilhelm se filosofie van: "What's needed to achieve harmony and integration, according to Wilhelm Verwoerd, is acquiring "practical wisdom" that allows us all to become peacemakers",was Melanie se reeds verwronge lewens-en-wêreldbeskouing, verder verwring tot buite bereik van normale beoordeling van voor-die-handliggende oplossings.

As die beproefde suksesvolle oplossings, wat terloops ook gerig was op die opheffing van veral die swart ras, net eenvoudig verwerp word deur juis diegene wat naby aan die intellektuele reuse wat dit deurdink, verfyn en met oorleg toegepas het, beweeg en verkeer het, is die mag van propaganda in Suid Afrika duidelik heeltemal onderskat!

Om te sien hoe die beleid wat jy ondersteun het 'n land te gronde rig, daaroor kommer uitspreek en dan kom met 'n voorstel om dieselfde mislukte beleid, net onder 'n ander bedenklike swart leier se beheer te laat voortgaan, is kranksinnig!

Om te sien hoe die beleid wat jy ondersteun het 'n land te gronde rig, daaroor kommer uitspreek en dan kom met 'n voorstel om dieselfde mislukte beleid, net onder 'n ander bedenklike swart leier se beheer te laat voortgaan, is kranksinnig! Daarin setel géén oplossing vir die Afrikanervolk nie en is Melanie se oproep dus misplaas en haar oordeel verward.

Indien sy in die openbare domein wil voortgaan behoort sy weer haar van te verander. Daar is heelwat moontlikhede waarna sy kan kyk wat sal pas. Die AVP beveel die volgende enkeles aan: de Klerk, du Preez, Buys, Croucamp, Krog, van Zyl Slabbert, Viljoen, Esterhuyse, Zille, Mandela, Maimane en selfs Malema sal pas. Die statuur van die Verwoerd naam verswelg die kleinlikheid van die gebruik daarvan vir Melanie se wanstaltige politieke denke só volledig dat beide sy en Wilhelm totaal daarin opgaan soos mis wat voor die son verdwyn!

THE ONLY WAY TO SAVE SOUTH AFRICA
Editor's note: The opinions in this article are the author's, as published by our content partner, and do not represent the views of MSN or Microsoft.
It might seem counter-intuitive, but joining the ANC is the only way those who are serious about change in this country might be able to do so, writes Melanie Verwoerd.
On Friday, we saw an extraordinary outpouring of emotion against President Zuma and his cronies. Marches of this size have certainly not

been seen since the fall of apartheid. But will it do anything? Sadly, it won't.
I am sure the ANC leadership took note of it and they might even have been uncomfortable watching it on TV, but the spin machine quickly kicked into gear. The same night the government said that only 60 000 people took part in the various forms of protests country-wide. Seriously? The people who calculated that figure must have been smoking some of the newly legalised dagga.

The ANC leadership (noticeably those who support President Zuma) also kept on suggesting that it was largely a white, middle class event, sponsored by white monopoly capital. What ever the real numbers and racial make-up were, it was clear that the ANC (in true Trump style) was not going to take any of this seriously. As Jessie Duarte put it outside Luthuli House, "the ANC has not agreed to change the leadership and we will not let anyone from outside tell us who to elect as our leaders".

So is there still anything we as ordinary citizens can do? I believe there is and it involves R20 and doing something many people never would have considered. Let me explain.
Many who want change now focus their hopes on the vote of no confidence in Parliament. As I wrote last week, there is almost zero chance of that motion passing. Even if the Constitutional Court rules in favour of the UDM, my understanding is that it will still leave the decision on whether a secret ballot should be allowed on the day to the discretion of the Speaker.

Given the pressure she will be under from the broader ANC, it is highly unlikely that she will agree to a secret ballot. As also explained last week, even on the off-chance that it passed with 70+ ANC MPs voting with the opposition, it could create a worse scenario than the one we have, negatively impacting the balance of powers in the ANC and risking a very dangerous outcome when a new president is elected.

After the ANC press conference last Monday, it is as clear as daylight that the Zuma faction still has the upper hand in the NWC and NEC. Even though the Zuma faction might be under more pressure than before, they are still in control.

So, one can safely assume that if the vote of no confidence passes, the new ANC presidential nomination will come from the Zuma camp. The only way an anti-Zuma candidate could win was if someone from the ANC is nominated by one of the opposition parties and a united opposition together with at least 70 ANC MPs voted for this candidate. (There is also a tiny possibility that if 120+ ANC MPs abstain during the presidential vote at the next ANC electoral conference later this year.
And so here it is: The best form of civil protest for those who are serious about change in this country is to join the ANC. I know that many people reading these words will choke on their coffee in disgust and be tempted to move to the next article, but hear me out.

It is purely a numbers' game..... .....the practice has been for them to vote as per agreement or mandate from their provinces.

It is purely a numbers' game. The next president of the ANC (and presumably the country) will be determined by the individual votes cast by the delegates at the next ANC electoral conference. The number of these delegates (who hold our future in their hands) will in turn be determined by the membership numbers in the different provinces. Although delegates will have individual votes the practice has been for them to vote as per agreement or mandate from their provinces.

If the ANC presidential race ends up with only Cyril Ramaphosa and Nkosazana Dlamini-Zuma competing, one can safely assume that Dlamini-Zuma would get the support of the Premier League (North-West, Mpumalanga and the Free State) as well as the Women's, Youth and Veteran's Leagues.

Based on the Mangaung conference figures, if she then gets all of the votes from KZN, Ramaphosa would be about 28 votes short, assuming he can secure all the other provinces.

Flip Buys se "varkies" is nie tuis

Deur Danie Varkevisser

Die opinie van Flip Buys soos weergegee in die Pretoria News, 25 Maart 2017, is van belang in die diskoers oor die politieke-, maar ook die voortbestaan van die Afrikaner as 'n volk in Suid Afrika.

Buys spreek sy mening uit na aanleiding van: "Journalist Yusuf Abramjee's complaint that the Afrikaans student residence, De Goede Hoop, discriminates unfairly on the grounds of race". 'n Bewys dat die lyne van verdeeldheid in die land steeds diep sny, aldus Buys.

Die opinie van Buys het dit dus ten eerste nie teen Abramjee se veragtelike "aanspraak" op die blankes se regmatige besit, en die legitieme besetting en benutting daarvan nie, maar wel teen die feit dat daar steeds sigbare en hoorbare diep verdeeldheid bestaan.

Die ontkenning van die liberalis van die God's beginsel van verskeidenheid en geskeidenheid setel in sy beterweterigheid wat uiting moet kry in 'n swak akademiese gebrabbel oor eenheid in diversiteit.

Nie eers die werklikheid van konflik, konfrontasie en toename in rassehaat vat êrens grond in dié mense se begrip van omstandighede wat hulle help skep het nie. Hulle het hulle be-ywer vir rasse integrasie en soek nou allerhande sondebokke vir die feit dat die "eenheid in diversiteit" nie wil werk nie.



Karl Marx

Buys se aanhalings van Marx en Lenin verklaar ook sy oorname van die Blanke Bouwerkers Vakbond en persepsie dat hy vir die blanke werker in die bres tree. Solidariteit en Afriforum se volgehoue pogings om binne die bestel en sy Afrikanervyandige grondwet, blankes te probeer saamsleep om die onhaalbare haalbaar te probeer maak, is 'n futiele politieke denkfout.

Ingeskrewe Afrikanerlede van Afriforum en Solidariteit moet kennis neem van Buys se onverbloemde stellings dat die beginsel van afsonderlike ontwikkeling diskriminasie op grond van ras was. Dat die nalatenskap uit ons verlede, debat belemmer: ***"Hence, debates on language, race and class inevitably take place in the shadow of the past and under the heavy burden of a legacy of racial discrimination in the country and of Western colonialism in the world."***

Buys se siening oor kolonialisme strook verder met dié van die ANC en die swart ras in die algemeen as negatief, sonder enige aanduiding van die beskawing wat dit meegebring het.

Indien Solidariteit en Afriforum verteenwoordiger van Afrikanersentiment moet wees soos wat dit deur Flip Buys vertolk word, kan die lede van hierdie organnisasie net so wel by die ANC aansluit, daar die sentimente nie verskil nie!

"My view as an Afrikaner and AfriForum chairperson is that Afrikaners do not want to hold on to the past, but are looking for spaces to help build a successful South Africa for a better future." Sê Buys.

Wie het Flip Buys aangestel om namens Afrikaners uitsprake te maak? Die AVP is nie oortuig dat Buys se vertolking van Afrikaners se politieke siening tred hou met die waarheid en/of die werklikheid nie. Wat waar is, is dat Afrikaners uit hulle land uit verneuk is deur politieke uitoorlêery en dit hoegenaamd nie vertolk kan word as dat hulle daarvoor gestem het nie!

Die aangryp van elke rassevoorval om aan te hou met dié valse propaganda dat Afrikaners vir dié wanstaltige "democracy" gestem het, is beproefde kommunistiese praktyk. Dit ten spyte daarvan dat dit besig is om soos tydig en deurlopend voorspel is, Suid Afrika en daarmee saam die Afrikanervolk te vernietig.

Die waarde van Buys en sy twee organisasies se opinie is nie te onderskei van die NP, die Broederbond, die kerke en sommige

kultuurorganisasies, wat óók op bedenklike wyse gekaap is deur die liberaliste en goedgelowige Afrikaners met hulle saamgesleep het nie.

Daar is egter toenemend Afrikaners wat van dit wat hulle gekry het waarvoor hulle hulle be-ywer het, nie hou nie en dit openlik sê.

Rasse onverdraagsaamheid sal nie weggaan nie omdat daar blywende kultuurverskille bestaan wat onversoenbaar is. Hoe individue ookal poog om daarby verby te kom, hoe groter is die skade wat almal daardeur ly.

Rassevrede en harmonie setel in afsonderlike regeringstelsels wat binne eie grondgebied, volgens eie aard en eie behoefte toegepas word. Vreedsame naasbestaan is die produk daarvan wanneer die bedreiging van taal, kultuur, en besit deur wedersydse begrip, erkenning en aanvaarding oor landsgrense heen die norm word.

Die oorname van die eiendom van 'n ander op welke wyse ookal, kan uiteindelik slegs deur geweld afgedwing word. Vrede en aanvaarding word dan 'n hersenskim, 'n drogbeeld van 'n verwronge en besoedelde gedagtegang, afgesluit vir die begrip van 'n gesonde verstand.

Indien die onhaalbare standpunt van nie-rassigheid, tenspyte van die sigbare gevolge nie uit kranksinnigheid gedryf word nie, is verraad die enigste ander verklaring daarvoor! Ek heg vir u mnr. Buys se betoog aan vir u eie oordeel.

Flip Buys

Flip Buys responds to Yusuf Abramjee's attack on UP's private student residence for Afrikaans-speakers

AFRIKANERS ARE LOOKING FOR SPACES TO HELP BUILD SOUTH AFRICA

Journalist Yusuf Abramjee's complaint that the Afrikaans student residence, De Goede Hoop, discriminates unfairly on the grounds of race (*Pretoria News*, 25 March 2017), shows that in this country the lines of division still run deep. Karl Marx rightly said that people make their own history but in circumstances they have inherited from the past and not in circumstances they have chosen themselves.

Hence, debates on language, race and class inevitably take place in the shadow of the past and under the heavy burden of a legacy of racial discrimination in the country and of Western colonialism in the world. At the same time, universities feel the pressure of the present-day realities of unemployment, poverty and inequality.

It is true that when it comes to issues such as language, culture, race and class in the country there are opposing views, and the question is how it should be handled, going forward. ***Marx said: "Philosophers interpret the world," but also that the "challenge is to change it".*** In short, South Africans cannot allow events of the past or differences in the present to undermine our future. Of course, a motorist has to check the rear-view mirror at times, but in the journey to the future it is vital to look forward at the road ahead.

A successful South Africa requires that our vision for the future is stronger than our memories of the past. The question is how all of us can build a better country together. ***My view as an Afrikaner and AfriForum chairperson is that Afrikaners do not want to hold on to the past, but are looking for spaces to help build a successful South Africa for a better future.***

Multicultural

Most Afrikaners entered the post 1994 era with some hesitation, but with great expectations about the future, comforted by President Mandela's assurance that no one will ever be

oppressed again. However, the euphoria of a new democratic beginning, which would have room for everyone, is making way for a sense of disillusionment and alienation among many Afrikaners. This stems from a growing sense that government wants to reshape South Africa's multicultural reality into their ideological vision of a monocultural society.

The question is how cultural diversity can be reconciled with national unity. The answer lies in "unity in diversity" as the cornerstone of our Constitution. Only "diversity" was emphasised during apartheid. The essence of the 1994 accord, on the other hand, was not to enforce "unity" at all cost but to achieve a balance between unity and diversity. We chose not to do what Lenin had told Pavlov; we chose not to "standardise humanity".

Multiculturalism presupposes a positive acceptance of diversity based on the right to mutual recognition and respect between cultural communities. Room for diversity creates the common ground for unity. ***Therefore, multiculturalism is a precondition for the equal enjoyment of the individual rights citizens have. This ensures equal citizenship. As Judge Albie Sachs put it:***

"Equality means equal concern and respect across difference. It does not presuppose the elimination or suppression of difference. Respect for human rights requires the affirmation of self, not the denial of self. Equality therefore does not imply a levelling or homogenisation of behaviour or extolling one form as supreme, and another as inferior, but an acknowledgment and acceptance of difference. At the very least, it affirms that difference should not be the basis for exclusion, marginalisation and stigma. At best, it celebrates the vitality that difference brings to any society."

Equal citizenship

For Afrikaners, the exchange of majority rule for minority protection and human rights constituted the essence of the 1994 accord. Over and above extensive measures to promote unity, provision was also made for a multicultural reality. By including comprehensive constitutional protection for linguistic and cultural communities, should they desire that, unity could be ensured.

One of the underlying premises was that linguistic and cultural communities must have spaces within which they can be a majority to prevent every aspect of their existence being dominated by demographic majorities. In so doing, political, cultural and even economic marginalisation could be averted and everyone could have citizenship of equal value.

Past lines of division cannot be overcome by diminishing nation building and conciliation to assimilation into the majority. That requires cultural suicide – too high a price to pay the world over. However, in South Africa assimilation is pursued by using state ideology in a bid to transform the country and all its institutions in such a way as to mirror the country's demographics.

Thus, under the banner of the promotion of diversity, the exact opposite, namely uniformity, is enforced. Representativeness requires that all institutions, taken together, should reflect the country's demographics, not each institution by itself. This stems from the demographic realities of our country and its people. ***However, the totalitarian overtones of enforced race formulae fly in the face of freedom as the essence of democracy.***

As a result, many Afrikaners believe they have become second class citizens because our language, culture, institutions, heritage and way of life have been fundamentally prejudiced. Many Afrikaners feel humiliated, alienated and vilified by such prejudice and are experiencing a profound loss of culture and identity. Therefore, to many, the former liberators have turned into conquerors and they have a sense that while they have voted for democracy, they have landed up with the consequences of a revolution.

Cultural freedom

South Africans are united by the constitutional values of freedom, equality and dignity. (Vryheid Gelykheid, en Broederskap? Slagspreuk van die Franse Revolusie. Quo vadis Flip?) These values apply to all in the country – also to Afrikaners, enabling them to democratically express their language and culture. When one person's freedom is threatened, then everyone's freedom is in danger. Therefore, the only guarantee for lasting freedom is that each one protects the other's freedom, be it personal freedom, economic freedom, freedom of the media, freedom of the courts or cultural freedom. Culture communities, such as the Afrikaners, that want to celebrate their cultural freedom can be an important part of the checks and balances protecting the freedom of all South Africans. Cultural freedom does not mean exclusion based on race, but voluntary inclusion and free association on the basis of language and culture. A democracy without cultural freedom is indeed but freedom for the majority.

Punching bag

It is true that in the past, Afrikaners have discriminated unfairly based on race. (Nê!) As a consequence, Afrikaners have become a popular political punching bag and scapegoat in certain circles. But he or she who sees racism in any legitimate project by Afrikaners to protect their language and culture, is promoting the agenda of populist politicians who only want to fuel hate and hostility.

South Africa is facing many challenges at the moment and there are plenty opportunities for wise leadership to promote mutual recognition and respect rather than to sow division by denigrating as racist anything that is Afrikaans.

The United Nations' Human Development Report 2004 succinctly states: "If the history of the twentieth century proves *anything*, then it is that efforts to wish away culture groups or trying to assimilate them will only provoke a vigorous cultural revival".

For this reason, South Africans should rather pursue our national motto, namely to unite in our diversity. (AVP beklemtoning)

AFRIKA VIR DIE AFRIKANE

Deur Johan Bekker

Reënboognasie-politiek het katastrofies misluk. Dit was voorspelbaar. Sedert die sestigerjare was daar al ernstig gewaarsku teen die voorspelde komende chaos. Vandag sit ons met die gebakte pere en hef aan lê nog voor. Diaboliese sosiale ingenieurswese is stelselmatig toegepas om die Afrikaner van sy land te beroof. Dit is nog lank nie die einde nie. Etniese suiwering is die einddoel. Afrika vir die Afrikane!

Die sosiale ingenieurswese program het begin by gemengde sport. Vandag is die kwota seleksie die norm. Meriete is 'n struikelblok vir die transformasie. Die transformasie wat gebesig word het niks te doen met verbetering nie, maar is bloot 'n rasseprogram. Die werksplek was ook 'n sleutelteiken. Demografiese aanstellings is die nuwe mantra. Dit word gedoen deur sogenaamde regstellende aksie. Swart ekonomiese bemagtiging, Kwotas en toksiese arbeidswetgewing. Staatsdepartemente is ook "gereinig" van witmense ten koste van effektiewe funksionering. Arbeidsomstandighede is doelbewus geskep om wit emigrasie te bewerkstellig.

Meriete is 'n struikelblok vir die transformasie. Die transformasie wat gebesig word het niks te doen met verbetering nie, maar is bloot 'n rasseprogram.

Grondhervorming is ook geïdentifiseer as 'n effektiewe meganisme vir etniese suiwering. Blanke eiendomsreg is imaginer verklaar. Die klag is dat witmense hulle eiendom gesteel het en daarom is ons aanspraak sonder substansie. Die Staat sal vir jou 'n prys bepaal (indien enige) of jy nou wil verkoop of nie. Plaasmoorde word ook offisieel beskou as normale misdaad.

Transformasie kan nooit volledig wees as jy nie ook die geestelikes betrek het nie. Daar moet ook besit geneem word van jou denke. Dit moet aan jou verduidelik word dat ras geskapenheid ‘n enorme Godsfout was. Volgens die nuwe evangelie is daar slegs een ras, die menslike ras. Dit wat jy met jou oë sien en beleef is nie waar nie.

Gewelddadige misdaad is ook ‘n goeie stukkie sosiale strategie om witmense uit woonbuurtes te dryf. Kombineer dit met ‘n getransformeerde regstelsel (vanaf Romeins-Hollands na Romeins-Heidens) en jy het ‘n effektiewe toepassing vir onreg. Die wetstoepasser is jou kwaad gesind en die wet kan jou nie beskerm nie. Dit is slegs ‘n stukkie papier, vervolging is jou voorland. Die Slovo Freedom Charter het die hoogste wet in die land geword.

Wat is die Status Quo? Volgens die reënboognasie-politiek is die Afrikaner in ‘n ewigdurende minderheidsposisie geplaas. Dit beteken ons het alle politieke mag verloor. Parlementêr het dit so verloop – Blanke soewereiniteit, drie kamer Parlement, regering van Nasionale eenheid, ANC regering en laastens Parlementêre terrorisme.

Buite parlementêre politiek is die logiese antwoord. Quo Vadis!!!

Verskuilde Rassisme

Daar is ‘n toenemende getal swart “gesagsdraers”, van die hoof tot die voetsool amptenaar wat verklarings los en vas uitreik in een of ander vorm van bedreiging van die blankes van Suid Afrika.

Dit was ‘n swart werknemer wat aan ‘n mede swarte wat gedreig het om sy eienaar se plek af te brand in ‘n argument oor gebrek aan prestasie, gesê het, “Jy dink jy kan die vuur doodmaak as jy paraffien gooi?”

Dit het tyd geword dat amptenare soos Mzwandile Masina wat “aanhou paraffien gooi”, moet hoor dat hulle verskuilde rassisme van oënskynlike verdraagsaamheid van die witman oral soos vetkolle uitslaan vir almal om te sien!

Die witman het géén behoefte om deel te hê aan ‘n stelsel waar alles wat hy oor eeue opgebou het uit die wildernis van Afrika tot een van die mees suksesvolle Eerstewêreld lande en verseker die beste in Afrika, tot die afbreek na rommel status waartoe die swart regime met hulle beste vermoëns in 22 jaar geslaag het nie! Ons is nie besig om vertroue te verkry nie, die geskiedenis het ons selfvertroue bewys in wat ons totstand gebring het, in teenstelling met die gemors onder julle beheer met misplaaste selfvertroue in julle onvermoë en ongevraagde bedekte bedreigings!

WATCH: EKURHULENI MAYOR ISSUES WARNING TO WHITE SOUTH AFRICANS (eNCA - 11 April 2017)

JOHANNESBURG - Ekurhuleni Mayor Mzwandile Masina has issued an ominous warning to white South Africans and the Save SA campaign. Masina says if they don't participate in nation building, things might get tough for them. He was speaking at the Chris Hani lecture on Monday night. "This thing of being shown a middle finger by white people because they've gained confidence must come to an end," said Masina.

Danie Varkevisser 083 460 3302

Francois Muller 083 460 6120

www.afrikanervolksparty.org